**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 25 MAART 2025 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, ald J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Speaker:
Rdh M A Rangasamy

Beamptes:
Waarnemende Munisipale Bestuurder, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl N Smit om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Dat kennis geneem word van die verskoning ontvang vanaf die Munisipale Bestuurder.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 19 FEBRUARIE 2025**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 19 Februarie 2025 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

**5. OORWEGING VAN AANBEVELING UIT DIE NOTULES**

**5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 12 MAART 2025**

**5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

Besluit/...

5.1.1/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende regstelling:

ITEM 5.1: MAANDVERSLAG: JANUARIE 2025
[wysiging van die 2de paragraaf van die aanhef]

Die konstruksie van topstrukture sal in die 2025/2026 finansiële jaar ‘n aanvang neem (i.p.v. afgehandel word).

**5.1.4 BESKERMINGDIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

### 6.1 AFSKRYWING VAN DEERNIS- EN ONINBARE SKULD: FEBRUARIE 2025 – BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF (5/7/3)

Die verslag insake die afskrywing van deernis- en oninbare skuld het op 19 Februarie 2025 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien, onderhewig daaraan dat die nodige administratiewe prosesse deurloop wat om die werklike bedrae wat afgeskryf moet word te bepaal.

Rdh T van Essen versoek dat die bedrag per dorp opgedeel word in die onderskeie dienste om ‘n duideliker illustrasie te kry van die uitstaande skuld per diens.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings **R7 668 778.60** beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde **R2 833 873.72** beloop;

(b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat –
  (i) ‘n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid ); of
  (ii) ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie; of
  (iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;

6.1/...

(c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Die Eiendomsbelastingafdeling het interne kontroles in plek om te kontroleer of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2024/2025 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (4/2/2)

Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) bepaal dat die SDBIP oorweeg en, indien nodig, gewysig moet word na goedkeuring van 'n aansuiweringsbegroting.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder bevestig dat die SDBIP gewysig is ooreenkomstig die 2024/2025 Aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting soos goedgekeur deur die Raad op 30 Januarie 2025 ten einde te verseker dat die Munisipaliteit se goedgekeurde begroting ooreenkomstig die SDBIP geïmplementeer word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2024/2025 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

### 7.2 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE: 2024/2025 SPESIALE AANSUIWERINGS-BEDRYFSBEGROTING, TEGNIESE AANBEVELING (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2024.25)

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die items wat aanleiding gegee het tot die voorlegging van die 2024/2025 Spesiale Aansuiweringsbegroting ingevolge Artikel 28 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die Begrotingsbeheerkomitee het op Dinsdag, 18 Maart 2025 die 2024/2025 Spesiale Aansuiweringsbegroting oorweeg vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële en ingeneurspersoneel te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;

(b) Dat die volgende totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat, ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

| Budget Year 2024/25 | Capital Expenditure by Vote | | | | Operating Expenditure by Vote | | | | Total Expenditure by Vote | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R thousands | Original Budget | Prior Adj Budget | Total Adjusts. | Adjusted Budget | Original Budget | Prior Adj Budget | Total Adjusts. | Adjusted Budget | Original Budget | Prior Adj Budget | Total Adjusts. | Adjusted Budget |
| Vote 1 - Corporate Services | 778 | 478 | – | 478 | 46 746 | 47 664 | – | 47 664 | 47 524 | 48 142 | – | 48 142 |
| Vote 2 - Civil Services | 127 036 | 94 369 | 17 779 | 112 148 | 393 895 | 417 444 | 702 | 418 145 | 520 930 | 511 813 | 18 481 | 530 294 |
| Vote 3 - Council | 1 278 | 1 287 | – | 1 287 | 26 049 | 25 374 | – | 25 374 | 27 327 | 26 660 | – | 26 660 |
| Vote 4 - Electricity Services | 68 971 | 41 961 | – | 41 961 | 458 585 | 475 934 | (52) | 475 882 | 527 556 | 517 895 | (52) | 517 843 |
| Vote 5 - Financial Services | 698 | 568 | – | 568 | 81 680 | 79 301 | (969) | 78 332 | 82 378 | 79 869 | (969) | 78 900 |
| Vote 6 - Development Services | 174 824 | 166 212 | – | 166 212 | 51 379 | 41 940 | – | 41 940 | 226 203 | 208 152 | – | 208 152 |
| Vote 7 - Municipal Manager | 12 | 100 | – | 100 | 10 030 | 9 985 | 41 | 10 025 | 10 042 | 10 085 | 41 | 10 125 |
| Vote 8 - Protection Services | 2 882 | 3 055 | – | 3 055 | 120 682 | 113 330 | 278 | 113 608 | 123 564 | 116 385 | 278 | 116 663 |
| **Grand Total** | **376 478** | **308 030** | **17 779** | **325 809** | **1 189 046** | **1 210 971** | **–** | **1 210 971** | **1 565 523** | **1 519 000** | **17 779** | **1 536 780** |

7.2/...

(c) Dat goedkeuring verleen word om die 2024/2025 kapitaalprojekte te wysig as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos gelys in (**Annexure A-1: Adjusted 2024/25 Capital Budget**) met geen wysigings aan die buite jare nie;

(d) Dat die Raad die gewysigde befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

| FINANCING SOURCES | Original Budget 2024/25 | Mid-Year Adj Budget 2024/25 | Special Adj Budget 2024/25 | Increase / (Decrease) |
|---|---|---|---|---|
| Capital Replacement Reserve (CRR) | 93 535 241 | 71 023 189 | 79 561 559 | **8 538 370** |
| External Loan | 36 950 588 | - | - | - |
| Municipal Infrastructure Grant (MIG) | 29 332 000 | 29 302 000 | 29 302 000 | - |
| Dept. Human Settlements (DHS) | 174 289 166 | 165 670 203 | 165 670 203 | - |
| Integrated National Electrification Programme (INEP) | 22 818 000 | 22 401 642 | 22 401 642 | - |
| Western Cape Education Department (PRIVATE FUNDING) | 19 033 109 | 19 033 109 | 19 033 109 | - |
| Municipal Disaster Response Grant (MDRG) | - | - | 9 241 000 | **9 241 000** |
| Dept. Cultural Affairs and Sport | 484 783 | 484 783 | 484 783 | - |
| Community Safety Grant | 34 783 | 34 783 | 34 783 | - |
| Donations | - | 80 000 | 80 000 | - |
| | | | | |
| **GRAND TOTAL** | **376 477 670** | **308 029 709** | **325 809 079** | **17 779 370** |

(e) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2024/2025 as volg te wysig soos per (**Annexure A**), met geen wysigings aan die buite jare nie:

| | Oorspronklike Begroting 2024/25 | Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2024/25 | Spesiale Aansuiwerings begroting 2024/25 | Aanpassings | Oorspronklike Begroting 2025/26 | Oorspronklike Begroting 2026/27 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | 376 477 670 | 308 029 709 | 325 809 079 | 17 779 370 | 216 639 861 | 197 984 897 |
| Bedryfsuitgawes | 1 189 045 717 | 1 210 970 777 | 1 210 970 777 | - | 1 434 463 775 | 1 584 420 812 |
| Bedryfsinkomste | 1 458 996 894 | 1 475 819 204 | 1 485 060 204 | 9 241 000 | 1 535 862 828 | 1 666 597 277 |
| **Begrote (Surplus)/ Tekort** | **(269 951 177)** | **(264 848 427)** | **(274 089 427)** | **(9 241 000)** | **(101 399 053)** | **(82 176 465)** |
| Minus: Kapitaal Toekennings en Donasies | 246 062 275 | 238 036 010 | 247 277 010 | 9 241 000 | 97 963 000 | 81 093 000 |
| **(Surplus)/ Tekort** | **(23 888 902)** | **(26 812 417)** | **(26 812 417)** | **-** | **(3 436 053)** | **(1 083 465)** |

(f) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die bedryfsbegroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2024/2025 finansiële jaar of verder nie en dat die begrote netto surplus van R26 812 417 onveranderd bly;

(g) Dat die aangepaste begrotingskedules (B1 tot B10) soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2024/25 – 2026/27)**;

(h) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(i) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word.

**7.3 WYSIGING VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder verwys na die gedeeltes in die verslag wat die wysigings aan die GOP aantoon. Die GOP is gewysig ingevolge die vereistes van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000.

Rdl A K Warnick bevestig dat die Hoërskool op Darling voltooi is en gevolglik van die betrokke Areaplan as prioriteit van Provinsie verwyder kan word.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder noem dat Provinsie se begroting eers op Donderdag, 27 Maart 2025 voorgelê word wat verdere wysigings aan die GOP en Begroting kan meebring.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die wysiging van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne ten einde dit by die Raadsvergadering ter tafel te lê in terme van artikel 17(3) van die MFMA;

(b) Dat, alhoewel die Raad nie MFMA Omsendskrywe 88 goedkeur nie, Swartland Munisipaliteit deel sal neem aan die 2025/2026 DCoG loodsprojek en dat daar kennis geneem word van die aangehegte indikatore wat deel vorm van die loodsprojek;

(c) Dat die DCoG indikatore nie in die bestaande indikator tabelle in die GOP geïnkorporeer word nie, maar ingesluit word as 'n aanhangsel tot die GOP; en

(d) Dat ’n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2025 gevolg word;

(e) Dat kennis geneem word dat Provinsie se begroting eers op Donderdag, 27 Maart 2025 voorgelê word en kan dit gevolglik wysigings aan die Raad se GOP en Begroting meebring.

**7.4 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGS EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2025/2026, 2026/2027 EN 2027/2028 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAMEPROSES (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2025.26)**

Artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) bepaal dat die burgemeester die jaarlikse begroting ten minste 90 dae voor die aanvang van die finansiële jaar by ’n raadsvergadering ter tafel moet lê.

Die konsep begrotingsdokumente is deur die Begrotingsbeheerkomitee op 18 Maart 2025 oorweeg vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir voorlegging aan die Munisipale Raad op 31 Maart 2025 vir doeleindes van publieke deelname. Die finale goedkeuring van die begrotingsdokumente sal plaasvind op Donderdag, 29 Mei 2025 met in ag neming van die kommentare ontvang.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Raad kennis neem dat weens die laat voorlegging van die Provinsiale Begroting en laat kommunikasie van die Provinsiale Koerant, die 2025/26 MTREF toekennings eers in die finale begroting in Mei geakkommodeer kan word – toekennings is slegs ’n aanduiding op hierdie stadium;

(b) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A: 2025/2026 – 2027/2028 Draft Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;

7.4/...

(c) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2025/2026 – 2027/2028 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;

(d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 4 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;

(e) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

| FINANCING SOURCES | DRAFT BUDGET 2025/26 | DRAFT BUDGET 2026/27 | DRAFT BUDGET 2027/28 |
|---|---|---|---|
| Capital Replacement Reserve (CRR) | R 128 411 923 | R 138 083 611 | R 156 818 041 |
| External Loans | R 40 000 000 | R - | R - |
| Municipal Infrastructure Grant (MIG) | R 25 405 000 | R 27 293 000 | R 28 388 000 |
| Dept. of Infrastructure | R 50 294 362 | R 33 735 985 | R 52 476 713 |
| Integrated National Electrification Programme (INEP) | R 17 821 124 | R 20 868 000 | R 21 811 000 |
| Water Services Infrastructure Grant | R 17 044 000 | R - | R - |
| Dept. Cultural Affairs and Sport | R 43 478 | R 43 478 | R - |
| | | | |
| **GRAND TOTAL** | **R 279 019 887** | **R 220 024 074** | **R 259 493 754** |

(f) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2025/2026 – 2027/2028 Draft Budget and Tariff File)**;

(g) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot ‘n bedrag van ±R30.7 miljoen vir die 2025/26 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die 132/11kV Eskom Schoonspruit Substasie, deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;

(h) Dat die volgende totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat, ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

| Budget Year 2024/25 | Capital Expenditure by Vote | | | Operating Expenditure by Vote | | | Total Expenditure by Vote | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R thousands | 2025/26 | 2026/27 | 2027/28 | 2025/26 | 2026/27 | 2027/28 | 2025/26 | 2026/27 | 2027/28 |
| Vote 1 - Corporate Services | 573 | 575 | 534 | 49 311 | 52 396 | 55 729 | 49 885 | 52 971 | 56 263 |
| Vote 2 - Civil Services | 137 586 | 116 213 | 145 139 | 417 140 | 448 726 | 476 306 | 554 727 | 564 939 | 621 445 |
| Vote 3 - Council | 12 | 12 | 12 | 25 476 | 26 510 | 27 573 | 25 488 | 26 522 | 27 585 |
| Vote 4 - Electricity Services | 88 166 | 62 174 | 59 942 | 558 289 | 595 017 | 637 151 | 646 455 | 657 191 | 697 093 |
| Vote 5 - Financial Services | 168 | 76 | 672 | 84 757 | 91 101 | 97 495 | 84 925 | 91 177 | 98 166 |
| Vote 6 - Development Services | 51 180 | 39 826 | 52 571 | 176 471 | 209 586 | 49 871 | 227 651 | 249 412 | 102 442 |
| Vote 7 - Municipal Manager | 12 | 12 | 12 | 11 289 | 11 911 | 12 679 | 11 301 | 11 923 | 12 691 |
| Vote 8 - Protection Services | 1 322 | 1 136 | 612 | 124 242 | 130 961 | 138 152 | 125 564 | 132 097 | 138 764 |
| **Grand Total** | **279 020** | **220 024** | **259 494** | **1 446 976** | **1 566 208** | **1 494 955** | **1 725 996** | **1 786 232** | **1 754 448** |

7.4/...

(i) Dat die konsep hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2025/2026 – 2027/2028** finansiële jare goedgekeur word as konsep, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

| | **Oorspronklike Begroting 2024/25** | **Aansuiwerings begroting 2024/25** | **Konsep Begroting 2025/26** | **Konsep Begroting 2026/27** | **Konsep Begroting 2027/28** |
|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | 376 477 670 | 308 029 709 | 279 019 887 | 220 024 074 | 259 493 754 |
| Bedryfsuitgawes | 1 189 045 717 | 1 210 970 777 | 1 446 976 385 | 1 566 208 166 | 1 494 954 545 |
| Bedryfsinkomste | 1 458 996 894 | 1 475 819 204 | 1 586 838 910 | 1 664 780 877 | 1 598 962 787 |
| **Begrote (Surplus)/ Tekort** | **(269 951 177)** | **(264 848 427)** | **(139 862 525)** | **(98 572 711)** | **(104 008 243)** |
| Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies | 246 062 275 | 238 036 010 | 110 607 964 | 81 940 463 | 102 675 713 |
| **(Surplus)/ Tekort** | **(23 888 902)** | **(26 812 417)** | **(29 254 561)** | **(16 632 248)** | **(1 332 530)** |

(j) Dat daar in beginsel goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van konsep eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2025/2026 finansiële jaar, vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

| **Category of property** | **Rate ratio** | **(c/R) rate determined for the relevant property category** |
|---|---|---|
| Residential properties | 1: 1 | 0,5623 |
| Business and Commercial properties | 1: 1,6672 | 0,9374 |
| Industrial properties | 1: 1,6672 | 0,9374 |
| Agricultural properties | 1: 0,25 | 0,1406 |
| Mining properties | 1: 1,6672 | 0,9374 |
| Public Service Infrastructure | 1: 0,25 | 0,1406 |
| Properties owned by an organ of state and used for public service purposes | 1: 1,6672 | 0,9374 |
| Public Benefit Organisations | 1: 0 | 0,0000 |
| Vacant properties | 1: 1,4966 | 0,8415 |
| Municipal properties | 1: 0 | 0,0000 |
| Conservation Areas | 1: 0 | 0,0000 |
| Protected Areas | 1: 0 | 0,0000 |
| National Monuments | 1: 0 | 0,0000 |
| Informal Settlements | 1: 0 | 0,0000 |

**Exemptions and Reductions**

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property’s market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

**Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:**

- **Indigent owners**: 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;

- **Qualifying senior citizens and disabled persons**: A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

**NB:** Please refer to the municipality’s property rates policy in respect of all rebates offered.

7.4/...

(k) Dat die Raad die konsep tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2025/2026 – 2027/2028 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;

(l) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep goedkeur vir die 2025/2026 finansiële jaar, **met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA**;

(m) Dat die infasering van die herstruktureerde elektrisiteitstariewe, soos per die koste van voorsieningstudie, beplan word vir implementering in 2026/27;

(n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2025/2026 – 2027/2028)** goedgekeur word;

(o) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget & Related Policies 2025/2026)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar (nie Begrotingsbeheerkomitee aanbeveling);

(p) Dat die wysigings aan die Raad se Voorsieningkanaalbestuursbeleid, die Voorkeurverkrygingsbeleid en Befondsing en Reserwes beleid goedgekeur word met ingang van 1 April 2025;

(q) Dat die opleidingsbegroting van R1 782 533 vir die 2025/2026 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;

(r) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.75%** vir 2025/2026; **5.25%** vir die 2026/2027 en **5.75%** vir 2027/2028 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;

- Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;

- Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

(s) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting “kontant gefinansier” word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **19.5%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **7.5% (19.3% kapitale toekennings uitgesluit)** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **9.6 maande** vir 2025/26, **9.2 maande** vir 2026/27 en **10.1 maande** vir 2027/28;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat netto bedryfsurplusse verwag word vir 2025/26, ‘n bedrag van **R 29 254 561,** vir 2026/27 ‘n bedrag van **R 16 632 248** en vir 2027/28 ‘n bedrag van **R 1 332 530 (kapitale toekennings uitgesluit),** wat vêr **onder die NT riglyn is van minstens 'n 7.5% surplus.**

(t) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(u) Dat die Raad spesifiek aan die vereistes voldoen van die inhoudelike van die Provinsiale- en Nasionale Tesourie se Begroting-Omsendbriewe soos aangeheg in **“Annexure E: Budget Circulars”;**

(v) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.9 soos vereis deur Nasionale Tesourie maar dat die mscoa datastring nie vir verifikasie doeleindes opgelaai kon word om perfekte belyning te verseker tydens die finalisering van die begroting nie, weens die NT Stelsel wat sal af wees vanaf 18-21 Maart 2025 om die nuwe weergawe te toets;

(w) Dat die proses van publieke insette, of kommentaar op die konsep begroting, **hersiende** begroting en verwante beleide en begrotingsdokumente, belasting koerse op eiendomme en tariewe, teen 12 voormiddag op **30 April 2025** sluit;

(x) Dat kennis geneem word dat Provinsie se begroting eers op Donderdag, 27 Maart 2025 voorgelê word en kan dit gevolglik wysigings aan die Raad se GOP en Begroting meebring;

(y) Dat die insette van rdh T van Essen aangaande die voorgestelde finansiële beleide, soos voorgehou tydens die bespreking van die item, aan die administrasie gesirkuleer sal word vir oorweging, al dan nie.

**7.5 KONSEP 2025/2026 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGS-PLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder bevestig dat elke begroting gerugsteun moet word deur ‘n Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP).

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) definieer die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as ‘n gedetailleerde plan wat deur die burgemeester van ‘n munisipaliteit ingevolge Artikel 53(1)(c)(ii) van die MFMA goedgekeur word vir implementering van die munisipaliteit se lewering van dienste en van sy jaarlikse begroting.

Die voorlegging van die SDBIP geskied ingevolge regulasies 14 en 15 van die *Municipal Budget and Reporting Regulations*.

**BESLUIT** (vir aanbeveling aan die Raad op 31 Maart 2025)
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die aangehegte konsep 2025/2026 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) ten einde dit by die Raadsvergadering ter tafel te lê in terme van Regulasie 14 van die Munisipale Begroting- en Rapporteringsregulasies; en

(b) Dat die SDBIP in terme van Regulasie 15 van die Munisipale Begroting- en Rapporteringsregulasies aan Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie voorgelê word.

**7.6 VOORLEGGING VAN KONSEP TARIEFVERORDENING (1/1)**

Die konsep Tariefverordening het ten doel van die bestaande verordening soos afgekondig in Buitegewone Provinsiale Koerant (PK 7402 gedateer 12 Junie 2015) te vervang.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening op 31 Maart 2025 aan die Raad voorgelê word vir beginselgoedkeuring:
- Swartland Munisipaliteit: Tariefverordening

(b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van Artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

**7.7 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2025/2026 (15/1/B)**

Die ontwikkelingsbydraes word jaarliks hersien en het ten doel om so akkuraat as moontlik die pro rata gedeelte van die werklike kapitaalkoste van die grootmaat-infrastruktuur te bepaal wat nodig is om die betrokke ontwikkeling van dienste te voorsien.

7.7/...

Daar word jaarliks ‘n afslag op die ontwikkelingsbydraes oorweeg om as aansporing te dien vir ontwikkelaars op in die Swartland munisipale area te belê en word voorgestel dat die afslag van 55% vir die 2025/2026 finansiële jaar onveranderd bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Die aangehegte ontwikkelingbydraes vir die 2025/2026 finansiële jaar goedgekeur word:
- Greenfields"-ontwikkelingbydraes vir grootmaat elektrisiteit - (Bylae "A");
- "Brownfields"-ontwikkelingbydraes vir elektrisiteit (Bylae "B");
- Ontwikkelingbydraes water (Bylae "C");
- Ontwikkelingsbydraes vir riool (Bylae “D”);
- Ontwikkelikngsbydraes vir paaie – (Bylae “E”)

(b) ’n Korting van 55% op genoemde ontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2025/2026 finansiële jaar toegestaan word as aansproing om ontwikkeling te bevorder en beleggers te lok.

(c) Ontwikkelaars ’n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan m.b.t. die betaling van ontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide.

(d) Die werklike koste van ontwikkelingsbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Infrastruktuur/Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste van toepassing wees.

**7.8 AANBEVELING VIR DIE GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET IN BEGRIP VAN WYSIGINGS AAN KORPORATIEWE- EN BESKERMINGSDIENSTE (4/1/1/2/1)**

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die organisatoriese struktuur deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur moet word.

Die voorgestelde wysigings aan die struktuur van die Direktoraat Korporatiewe Dienste en Direktoraat Beskermingsdienste, soos breedvoerig toegelig in die verslag, is deur die vakbonde oorweeg en goedgekeur op 20 Februarie 2025 vir voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die wysigings aanbeveel is deur die Plaaslike Arbeidsforumvergadering gehou op 20 Februarie 2025;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysigings aan die organisatoriese struktuur vir die direktoraat Korporatiewe Dienste aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad vir implementering met ingang van 1 Julie 2025;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysigings aan die organisatoriese struktuur vir die direktoraat Beskermingsdienste aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad vir implementering met ingang van 1 April 2025.

**7.9 MENSLIKE HULPBRONNE: HERSIENING VAN OORTYDBELEID (4/2/B)**

Die hersiende Oortydbeleid is met die agenda gesirkuleer en bevat geringe wysigings wat met die vakbonde gekonsulteer was, onder andere, dat die bepalings gedurende rampsituasies verkieslik in die Munisipale Rampbestuursplan vervat word (sien item 7.14).

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Oortydbeleid goedkeur vir implementering met ingang van dieselfde datum as die gewysigde Rampbestuurbeleid, naamlik 1 April 2025.

**7.10 MANDAAT: KOLLEKTIEWE OOREENKOMS INSAKE DIENSVOORWAARDES VIR DIE WESKAAPSE AFDELING VAN DIE SALGBC (4/2/3)**

Daar is reeds verskeie wysigings, hoofsaaklik oor prosedurele kwessies, aangebring aan die Kollektiewe Ooreenkoms wat verleng is tot 30 Junie 2025

Die Kollektiewe Ooreenkoms wat verleng is tot 30 Junie 2025 is reeds op verskeie geleenthede, hoofsaaklik weens prosedurele kwessies en nadat konsensus bereik is tussen die betrokke partye, gewysig.

SALGA het egter versoek dat daar op twee aangeleenthede, soos volledig toegelig in die verslag tot die agenda, mandate verkry moet word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, geskondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat daar kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder die aangeleentheid met die Uitvoerende Burgemeester bespreek het, en daar konsensus is dat die voorstelle nie ondersteun word deur Swartland Munisipaliteit nie;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die mandaat wat deur die Munisipale Bestuurder aan SALGA gegee is vir die nie-ondersteuning van die voorstelle, gekondoneer word.

**7.11 HERSIENING VAN DIE ONDERNEMINGRISIKOBESTUURSBELEID (5/15/1/6)**

Die Ondernemingrisikobestuursbeleid het ten doel om ’n proses te vestig waardeur risiko’s geïdentifiseer kan word wat ’n bedreiging inhou vir volhoubare dienslewering en die bereiking van die Munisipaliteit se doelwitte. Die proses behels verder die mitigering van die geïdentifiseerde risiko’s om die bestuur van die Munisipaliteit te optimaliseer.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder noem verder dat die beleid die risiko-aptyt van die Munisipaliteit bepaal.

Die gewysigde Ondernemingrisikobestuursbeleid is met die agenda gesirkuleer vir oorweging en goedkeuring.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Aanbeveling dat die huidige Ondernemingsrisikobestuursbeleid goedgekeur word met die aanbevole veranderinge vir implementering omrede dit 'n verskeidenheid van voordele vir die munisipaliteit inhou, byvoorbeeld:
- meer doeltreffende, betroubare en koste effektiewe dienslewering;
- meer betroubare besluitneming;
- minder verrassings en krisisse deur bestuur in staat te stel om effektief te handel met potensiële opkomende risiko's wat onsekerheid kan skep; en
- beter uitsette en uitkomste deur die verbetering in die bestuur van projekte en programme;

(b) Aanvaarding van die "Risk Appetite”-vlak van 15 – "Impact x Likelihood" = 15 (5x3) & (3x5);

(c) "Risk Tolerance”-vlakke van 16 (4x4) en hoër is nie aanvaarbaar en moet bestuur word.

**7.12 HERSIENING VAN DIE BEDROGVOORKOMING- EN TEEN-KORRUPSIE STRATEGIE (5/15/1/6)**

Swartland Munisipaliteit is deur die organisasie se etiese waardes daartoe verbind om besigheid op ‘n eerlike en deursigtige wyse te doen en dit vorm die grondslag van die Bedrogvoorkoming- en Teen-Korrupsie Strategie.

Die strategie spreek die opsporing, voorkoming en bekamping van bedrog en korrupsie aan ten einde dit teen te werk.

7.12/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die gewysigde Bedrogvoorkoming- en Teen-Korrupsie Strategie goedgekeur word.

**7.13 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE GEHOU OP 24 NOVEMBER 2024, SOOK DIE HALFJAARLIKSE VERSLAG VIR DIE PERIODE GEëINDIG 31 DESEMBER 2024**

Die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee (PRAC) dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van Artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003 (MFMA).

Die notule van die PRAC gehou op 24 November 2024 is met die agenda gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

Die Halfjaarlikse verslag van die PRAC vir die periode eindigend 31 Desember 2024 is met die agenda gesirkuleer vir kennisname.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se vergadering van 24 November 2024, en die halfjaarlikse verslag van die komitee vir die tydperk geëindig 31 Desember 2024.

**7.14 HERSIENING VAN DIE HOOF MUNISIPALE RAMPBESTUURSPLAN VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT (17/5/1/1)**

Die Direkteur: Beskermingsdienste bevestig dat die voorlegging van die Rampbestuursplan vir Swartland dien as hersiening van kontakbesonderhede van die onderskeie rolspelers en identifisering van risiko's vir die munisipale gebied.

Die bestaande hoof risiko's is:
- Beurtkrag
- Uitheemse Indringer Plantspesies
- Onderbrekings in watervoorsiening
- Vloede
- Seismiese aktiwiteite
- Veldbrande
- Dieresiektes
- Dienslewering Protesaksies
- Covid-19
- Droogte

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat daar vir befondsing vanaf Provinsie aansoek gedoen sal word om weer 'n ramprisikobepaling te doen.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, seconded by rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die 2025 hersiende Rampbestuursplan asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko vermindering;

(b) Dat die 2025 hersiende Rampbestuursplan vir die Swartland Munisipale area goedgekeur word met ingang van 1 April 2025, met die onderneming dat die plan jaarliks hersien sal word om sodoende seker te maak dat die inhoud relevant en op datum is;

(c) Dat, soos voorgeskryf deur die Rampbestuurswet, 'n afskrif van die goedgekeurde hersiende plan voorsien word aan die Weskus Rampbestuursentrum, Provinsiale Rampbestuursentrum asook die Nasionale Rampbestuursentrum.

**7.15 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: 2025 HERSIENDE VAN DIE BESIGHEIG-KONTINUITEIT- EN RAMPHERSTELPLAN (17/5/B)**

Die doel van die Besigheidkontinuïteit- en Rampherstelplan is om die Munisipaliteit voor te berei op uitgebreide diensonderbrekings en om dienslewering so spoedig moontlik te herstel.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die wysigings aangebring ter hersiening van die Besigheidkontinuïteit- en Rampherstelplan;

(b) Dat die hersiende 2025 Swartland Besigheidkontinuïteit- en Rampherstelplan goedgekeur word met ingang van 1 April 2025.

**7.16 WYSIGING VAN DIE BELEID INSAKE ONDERSTEUNING IN GEVAL VAN KLEINER RAMPE (MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE AFBRAND VAN WONINGS EN ANDER KLEINER RAMPE) (17/5/1/1)**

Die Beleid insake Ondersteuning in geval van Kleiner Rampe het ten doel om sekere kategorieë belastingsbetalers by te staan ten tyde van 'n ramp, met spesifieke verwysing na huise wat afgebrand het of kleiner rampe soos vloede, windstorms, ens.

Die beleid is op 18 Februarie 2025 deur die Rampbestuurskomitee hersien vir voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die hersiende Beleid insake Ondersteuning in geval van Kleiner Rampe (met spesifieke verwysing na die afbrand van wonings en ander kleiner rampe) met onmiddellike effek goedgekeur word.

**7.17 VOORGESTELDE HERNUWING VAN HUUR VAN KANTOORSPASIE GELEë OP ERF 163, RIEBEEK-WES AAN ME HJC KRIEGLER VIR BEDRYF VAN PASKANTOORAGENTSKAP (17/9/2/R)**

Die munisipale kantore, ingesluit die gemeenskapsaal en biblioteek, is geleë op Erf 163, Riebeek-Wes. Die Raad verhuur een van die kantore (±130 m²) aan me Kriegler vir die bedryf van 'n Posagentskap

'n Aansoek is ontvang vanaf die huurder om die bestaande huurooreenkoms met 'n verdere termyn te verleng.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die verhuring van kantoorspasie, geleë op 'n gedeelte van Erf 163, Riebeek-Wes, op die hoek van Van Riebeekstraat en Voortrekkerweg, ongeveer 130m$^2$ groot, aan Me HJC Kriegler (Posagentskap), onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
   (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van een jaar vanaf 01 April 2025 tot 31 Maart 2026 sal duur;

   (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per maand, BTW uitgesluit betaalbaar sal wees;

   (iii) Dat geen diensteverbruik betaalbaar sal wees deur die huurder nie;

   (iv) Dat die eiendom slegs aangewend word vir die bedryf van 'n poskantooragentskap en vir geen ander doel nie; en

   (v) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word;

7.17/…

(b) Dat, ingevolge paragrawe 13.1.1 en 13.1.3 van die Bate Oordrag Beleid, die eiendom by wyse van direkte onderhandelinge verhuur word, aangesien die eiendom vantevore verhuur was aan die huurder, met die inagneming dat die huurder ‘n belangrike diens aan die gemeenskap van Riebeek West lewer ten opsigte van die ontvangs en verspreiding van pos.

**7.18 VOORGESTELDE VERHURING VAN GEDEELTES VAN ERF 147, RIEBEEK KASTEEL AAN AANGRENSENDE GRONDEIENAAR VAN ERF 148 (15/3/R)**

Swartland Munisipaliteit is die eienaar van Erf 147, Riebeek Kasteel waarop die toerisme-kantoor, biblioteek, munisipale kantoor en ‘n buitegebou geleë is. ‘n Posagentskap is ‘n paar jaar terug bedryf vanuit die munisipale kantoor.

Die eienaar van Erf 148, Riebeek Kasteel het aansoek gedoen om ‘n gedeelte van Erf 147 en die buitegebou vanaf die Raad aan te koop, aangesien daar geen toegang vanaf Plein- of Sarel Cillierstraat na die eiendom is nie. Die aansoek kon egter nie oorweeg word nie, aangesien die spasie, ingesluit die buitegebou, deur Wetstoepassingsdienste benodig word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van gedeeltes van Erf 147 Riebeek Kasteel, ongeveer 184$m^2$ groot, geleë te Plein- en Sarel Cilliersstraat aan die grondeienaar van Erf 148, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:

(i) Dat die verhuring vir ’n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 April 2025 tot 31 Maart 2028;

(ii) Dat ’n huurbedrag van R307.00 per maand (BTW uitgesluit) en 10% eskalasie per jaar betaalbaar sal wees;

(iii) Dat die gedeelte van Erf 147 vanuit Pleinstraat slegs vir voetgangertoegang gebruik sal word, en die gedeelte vanuit Sarel Cilliersstraat vir voertuigverkeer, met dien verstande dat die Munisipaliteit ook toegang sal hê tot die verhuurde gedeeltes;

(iv) Dat geen konstruksie, obstruksie, kabels of pypleidings binne die verhuurde gedeeltes toegelaat sal word nie; en

(v) Dat die instandhouding van die gedeeltes wat verhuur word deur en op koste van die grondeienaar van Erf 148 Riebeek Kasteel onderneem sal word;

(b) Dat, in terme van paragraaf 12.2.1.1 van die Bate Oordrag Beleid, die verhuring van die eiendom by wyse van direkte onderhandelinge verhuur word, aangesien gedeeltes van Erf 147 slegs deur die aangrensende grondeienaar van Erf 148 gebruik word vir toegang tot sy erf en die feit dat die eiendom deur die huurder onderhou gaan word, wat geen finansiële implikasies het vir die Munisipaliteit nie.

**7.19 HERNUWING VAN HUUR VAN ‘N GEDEELTE VAN ERF 208 AAN DIE YZERFONTEIN ONTSPANNINGSKLUB VIR DOELEINDES VAN SPORT-FASILITEITE EN PARKERING (17/9/2/2/2-14)**

Die Raad verhuur ‘n gedeelte van Erf 208, Yzerfontein (±1,2 ha groot) sedert 1995 aan die Yzerfontein Ontspanningsklub. Die klub het in Februarie 2024 aansoek gedoen om die huurtermyn van 9 jaar en 11 maande vir dieselfde termyn te verleng.

Die aansoek is teruggehou weens die moontlikheid dat daar aparte huurooreenkomste met die Rolbal- en Tennisklub aangegaan word, maar is daar in Januarie 2025 tydens onderhandeling met die Yzerfontein Ontspanningklub daarteen besluit.

Besluit/...

7.19/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat, ingevolge Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasies, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die hernuwing van verhuring van 'n gedeelte van Erf 208 Yzerfontein, ongeveer 1,640ha groot aan Die Yzerfontein Ontspanningsklub onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
   (i) Dat die sportfasiliteit vir 'n verdere termyn van 9 jaar en 11 maande, met ingang vanaf 01 April 2025 tot 28 Februarie 2035 sal duur;

   (ii) Dat 'n bedrag van R1000.00 per jaar (BTW uitgesluit) ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasie bereken op die Verbruikersprys-indeks (VPI) vanaf jaar 2; en

   (iii) Dat die voorgestelde transaksie in die plaaslike pers vir geadverteer word vir kommentaar en/of besware en die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van advertensiekoste;

(b) Dat ingevolge paragrawe 13.1.1 en 13.1.3 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid, kennis geneem word dat die klub voorheen die eiendom gehuur het as 'n sportfasiliteit en vir parkering, en alle verantwoordelikhede as huurder nagekom het. Voorts, dat die voorgestelde verhuring sal voldoen aan die sport- en rekreasiebehoeftes van die betrokke gemeenskap.

## 7.20 MOORREESBURG: VERHURING VAN INDUSTRIëLE GROND VIR AKKERBOU-DOELEINDES (17/9/4/2/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 22 Januarie 2025 goedkeuring verleen dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van Erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 Mei 2025.

'n Openbare mededingingsproses is deurloop om die grond vir akkerboudoeleindes beskikbaar te stel, ten behoewe van 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre of kulturele aktiwiteite gemoeid moet wees.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg ten bedrae van R1 100.00 per jaar, BTW uitgesluit, aan die Koringbedryfmuseum vir 'n periode van een jaar, met ingang vanaf 1 Mei 2025 tot 30 April 2026;

(b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die voorwaardes van die huurkontrak te finaliseer en die ooreenkoms te mag onderteken.

## 7.21 YZERFONTEIN: VERFRAAIING VAN DORPSINGANG BY VIERRIGTINGSTOP, HOEK VAN HOOFWEG EN BUITEKANTSTRAAT (17/9/4/2/2)

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar van die Paxton Place-gebou, mnr R Egan van Egan Property Group (Pty) Ltd, om die dorpsingang na Yzerfontein op die h/v Hoofweg- en Buitekantstraat te verfraai. Daar word ook toestemming gevra om die steenmuur-konstruksie te verwyder wat deur die voormalige eienaar van die Paxton Place-gebou opgerig was.

Die aansoeker het insette vanaf Swartland Toerisme versoek, wat die projek ondersteun, en daar is ook kommentaar ingewin vanaf die Superintendent Parke en Tuine en die Wyksraadslid, rdh M A Rangasamy.

Besluit/...

7.21/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat daar kennis geneem word van die versoeke van die Egan Property Group (Pty) Ltd rakende die opgradering/verfraaiing van die dorpsingang, hoek van Hoofweg en Buitekantstraat, Yzerfontein;

(b) Dat daar kennis geneem word van Swartland Toerisme (Yzerfontein dorpskomitee) se steun vir die verwydering van die steenmuur by gemelde dorpsingang, asook vir die voorgenome verfraaiing van die terrein;

(c) Dat toestemming verleen word aan die aansoeker om die betrokke terrein te verfraai, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- Slegs die steenmuur en borde daarop afgebreek mag word word, en geen ander toerisme- of aanwysingsborde verwyder mag word nie;
- Wat die ontwikkeling van 'n tuin betref, die aansoeker en hul konsultant met die Superintendent: Parke en Tuine moet skakel oor die beoogde aanplantings en uitleg, om te verseker dat daar aan alle sigvereistes en voetgangerbehoeftes voorsien word; en
- Alle inligtingsborde, kragbokse, lamppale met sekuriteitskamera's te alle tye toeganklik moet wees vir onderhouds-/herstelwerk.

**7.22 DARLING: VESTIGING VAN BIODIVERSITEITSPARK OP PUBLIEKE OOP RUIMTE (ERF 674) (12/3/4-3/1)**

'n Voorstel is ontvang vanaf Vula Environmental Services, in samewerking met die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika en die Darling Veldblomvereniging, vir die vestiging van 'n biodiversiteitspark op Erf 674, Darling wat gesoneer is as publieke oopruimte.

Die verslag tot die agenda bevat die volledige detail rakende die aansoek, onder andere, dat daar ses (6) interns aangestel en opgelei sal word om te assisteer met die vestiging van die biodiversiteitspark en instandhouding van die twee Darling-Renosterbos Reservate.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat daar kennis geneem word van die aansoek van Vula Environmental Services om, in samewerking met die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika en die Darling Veldblomvereniging 'n Weskus Biodiversiteitspark te vestig op Erf 674 te Darling;

(b) Dat die voormelde inisiatief ondersteun en goedkeuring verleen word vir die ontwikkeling van die tuin soos voorgehou in die aansoek, weens die toerismewaarde wat dit inhou en in ag genome dat die projek belyn met die munisipale en bewaringsdoelwitte vir die Darling streek;

(c) Dat goedkeuring onderhewig is aan die volgende voorwaardes, naamlik dat
- enige werke wat op die terrein onderneem word, sal geskied in samewerking met die toepaslike afdelings binne die Siviele Dienstedirektoraat, waar nodig, veral ten aansien van die kanalisering van stormwater oor die perseel na Mimosastraat; en
- die applikante verantwoordelikheid aanvaar vir die instandhouding van die park.

**7.23 UITSTAANDE DEBITEURE: FEBRUARIE 2025 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Februarie 2025.

7.24/...

**7.24 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 28 Februarie 2025 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.25 PLAASLIKE OWERHEDE AFTREEFONDS: ALGEMENE JAARVERGADERING – AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)**

Die 41ste Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds vind plaas op 23 Mei 2025.

Die reëls van die Fonds bepaal dat daar een afgevaardigde uit die lede en een afgevaardigde uit die raadslede genomineer kan word om die AJV by te woon.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word dat mnr A M Zaayman genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds op 23 Mei 2025,

(b) Dat rdl N Smit genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig.

**7.26 PADKONSTRUKSIEPROGRAM 2025/2026 TOT 2026/2027 (16/5/5/1)**

‘n Bedrag van R86 522 659,00 is beskikbaar in die 2025/2026 en 2026/2027 finansiële jare vir die konstruksie/opgradering van bestaande ongeplaveide strate.

Aangeheg tot die agenda is die skedules van beoogde strate vir konstruksie/opgradering in onderskeidelik die 2025/2026 en 2026/2027 finansiële jare.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat kennis geneem word van die aangehegte voorlopige padkonstruksie- en opgraderingsprogram vir die 2025/2026 en 2026/2027 finansiële jare;

(b) Dat kennis geneem word dat die padkonstruksie- en opgraderingsprogram voorlopig is, aangesien dit onderworpe is aan finale kosteberekeninge ten opsigte van die uitgawes verbonde aan die laagwerk- en sypaadjieontwerpe wat tot moontlike afskaling kan lei.

**7.27 PADHERSEELPROGRAM 2025/2026 (16/5/5/1)**

‘n Bedrag van R15 500 000,00 is beskikbaar in die 2025/2026 finansiële jaar vir die herseel van bestaande geplaveide strate.

Aangeheg tot die agenda is die skedule van die beoogde strate wat deur middel van die *iRAMS Pavement Management System* en inspeksies vir herseelwerk geïdentifiseer is.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte padherseelprogram vir die 2025/2026 finansiële jaar goedkeur;

(b) Dat kennis geneem word dat dit ‘n voorlopige program is wat onderworpe is aan moontlike afskaling as gevolg van uitgawes verbonde aan die voorbereidingswerk.

7.28/...

**7.28 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN ISUZU NPR-VRAGMOTOR, CK 18824 (8/1/B/2)**

Die Isuzu NPR-vragmotor, CK 18824, word deur die strate- en stormwaterafdeling in Yzerfontein gebruik. Die voertuig het meganiese probleme aan die stuurmeganisme en remme ondervind en ingestuur vir herstelwerk.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaal-bestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die Isuzu NPR-vragmotor, CK 18824, ten bedrae van R32 499.52 (BTW uitgesluit) deur Isuzu Malmesbury;

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien Isuzu Malmesbury t/a Perdeberg Motors die gemagtigde agent van Isuzu is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R32 499.52 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-40-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.29 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTELWERK AAN JCB LAAIGRAAF, CK 52832 (8/1/B/2)**

Die JCB-laaigraaf, CK 52832, word deur die strate- en stormwaterafdeling in Moorreesburg gebruik vir roetine instandhouding van infrastruktuur.

‘n Waarskuwingslig het in die JCB-laaigraaf afgegaan en is die agent, Bell Equipment, versoek om die probleem op te spoor.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die kwotasie van Bell Equipment ten bedrae van R35 424.74 (BTW ingesluit) goed te keur vir die herstelwerk aan die JCB-laaigraaf;

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien Bell Equipment die gemagtigde agent van JCB-toerusting is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R35 424.74 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/7-32-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.30 DIREKTORAAT BESKERMINGSDIENSTE: NUWE SKOFSTELSEL VIR VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE (17/5/B)**

‘n Hersiening van die skofstelsel is onderneem met die doel om dienslewering en operasionele doeltreffendheid te verbeter en die diens in lyn te bring met die prioriteite van publieke veiligheid.

7.30/..

Die hersiening het uitgebreide konsultasies met relevante belanghebbendes, insluitend vakbonde, behels om te verseker dat die voorgestelde veranderinge voordelig vir beide die Munisipaliteit en sy personeel sal wees.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word van die omvattende proses wat gevolg is om ‘n nuwe skofstelsel vir die Verkeer- en Wetstoepassingsdepartement te ontwikkel;

(b) Dat goedkeuring verleen word om die aangehegte nuwe skofstelsel vir die Verkeer- en Wetstoepassingsdepartement met ingang van 1 Mei 2025 te implementeer.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**